



27 Mei 2020

Geagte Ouer en Leerder

## **COVID-19 MAATREËLS OM 'N VEILIGE OMGEWING TE SKEP VIR DIE GOUTIES**

Met die skool wat moontlik weer binnekort stelselmatig gaan heropen, is dit noodsaaklik dat sekere volhoubare maatreëls in plek gestel word om te verseker dat ons gemeenskap en leerders veilig bly en ons die skooljaar sonder enige verdere onderbrekings kan voltooi. Ons gaan dus op almal se inkoop in die sewe Goutie-waardes nodig hê om die krisis in ons omgewing te bekamp.

### **1. VEILIGHEIDSMATREËLS**

#### **1.1 Kom ons kyk weer hoe ons die COVID-19-verspreiding effektief kan bekamp:**

- Bly tuis as jy siek is.
- Nies en hoes in jou elmboog.
- Was jou hande gereeld en deeglik.
- Maak oppervlakke gereeld skoon.
- Vermyn enige fisiese kontak met ander mense, dus handhaaf die 1,5m sosiale afstand.
- Dra van 'n masker of gesigskerm is verpligtend vir leerders, personeel en besoekers.

#### **1.2 Daar is verskeie maniere wat ons u kind en die personeel by die skool gaan beveilig:**

- Die skool sal gereeld die was van hande met water en seep, of 'n handontsmettingsmiddel afdwing.
- Personeel en leerders is verantwoordelik vir die gereelde ontsmetting van hulle persoonlike ruimte.
- Daar sal geen groot byeenkomste by die skool soos saalopeninge, sportbyeenkomste, ensovoorts wees nie.
- Sosiale afstand sal gehandhaaf word en fisiese kontak of aanraking (handdruk of drukkies) sal nie toegelaat word nie.
- Die skool sal gereeld ontsmet word, met die klem op hoërisiko-oppervlakke soos traprelings, deurhandvatsels en badkamers.
- Daar sal 'n daaglikse skoonmaakprogram met spesifieke chemikalieë wees en spesifieke prosesse sal gevolg word.
- Die sosiale afstand van 1,5 meter afstand sal in klasse tussen leerders onderling sowel as personeel gehandhaaf word.
- Die skool moedig skool bywoning aan. Indien dit nie moontlik vir die leerder is om skool by te woon nie, kontak die skool sodat die saak bespreek kan word.
- Leerders en personeel wat siek voel, MOET tuis bly.
- Stigmatisering sal nie geduld word nie en deur deeglike inligtingsessies bekamp word.
- Personeel en leerders sal verplig word om spesifieke maskers of gesigskerms te dra.
- Alle personeel, leerders en besoekers sal 'n siftingsvraelys moet beantwoord, hulle temperatuur soggens by die skoolhek gemonitor word alvorens hulle die terrein mag betree.

### **1.3 Gesondheids- en higiëniese opleiding:**

- Personeel en leerders sal spesifieke opleiding en oriëntering oor die skool se gesondheids-en higiëniese program ontvang. Ons beskou hierdie nie as 'n eenmalige gebeurtenis nie, maar 'n deurlopende aksie.
- Ons mentorspan is beskikbaar vir emosionele ondersteuning ten op sigte van vrese, angs en onsekerhede.
- Daar sal spesifieke higiëniese opleiding vir die verskillende grade wees soos wat die infasering plaasvind.

### **1.4 Kontrolelys vir die skool:**

- Goeie saniterings gewoontes vir personeel en leerders vestig.
- Gereelde vullisverwydering.
- Die identifisering van hoërisiko-oppervlakke soos telefone, deurhandvatsels, badkamers, deurrame, elektroniese apparatuur (sleutelborde in sentrums) en meubels (tafels en stoele in klaskamers).
- Medici sê goeie ventilasie in klaskamers is belangrik. Ten spyte van die koue winter sal ons sorg dat leerders nie koud kry en siek word nie, maar ons sal ook seker maak dat ons leerders deurentyd vars lug het.
- Plakkate rakende COVID-19 en goeie higiëniese praktyke sal oral sigbaar wees.
- 'n Ondersteuningsnetwerk vir personeel en leerders wat siek is, sal geskep word. Ons verwys na emosionele sowel as akademiese ondersteuning. Hierdie is reeds in plek.

### **1.5 Daaglikse ontvangs by die skoolhek (leerders en personeel)**

Die skoolhek kan in die oggend 'n plek wees waar leerders saamdrom om die skoolterrein te betree.

Die skool tref die volgende reëlins om te verseker dat leerders nie saamdrom nie:

- Daar sal merkers 1,5 meter uitmekaar buite die skool getrek word vir verskillende grade en klasse op spesifieke areas waar die leerders in 'n ry moet aanmeld en hulle afstand tussen mekaar moet handhaaf.
- By die hek sal daar personeel wees wat die leerders 'n siftingsvraelys laat voltooi en hulle temperatuur monitor, voor hulle die terrein met hul gestandaardiseerde maskers aan, mag betree.
- Vra asseblief u kind om rustig en op 'n ordelike manier geduldig te wag om by die terrein in te kom.
- Die prosedure sal voortydig dmv 'n video op ons facebook platform, gouties prestasies asook die op die webtuiste [www.gouties.co.za](http://www.gouties.co.za) beskikbaar wees.

### **1.6 Hantering van besoekers by die skool (sluit ouers in):**

Almal wat die terrein betree, moet aan dieselfde voorsorgmaatreëls onderwerp word om ons hele gemeenskap te beskerm. Dus sal die volgende prosedure geld voordat besoekers die terrein betree. Ons moedig nie besoekers aan nie en versoek ouers om afsprake te maak as om eerder net op te daag.

- Besoekers sal 'n siftingsvraelys voltooi;
- Besoekers se temperatuur sal by die hek gemonitor word;
- Besoekers se hande sal met 'n ontsmettingsmiddel by die hek ontsmet word;
- Besoekers sal verplig word om 'n masker of gesigskerm te dra.

### **1.7 Gesigmaskers:**

- Die skoolbestuur en beheerliggaam het 'n statutêre verpligting om te verseker dat ons hele skool beveilig is en alle prosedures deurdag en verantwoordelik bestuur word. Die dra van maskers in die openbaar is vanaf 1 Mei 2020 verpligtend.
- Die beheerliggaam het dus besluit dat leerders in die afwesigheid van maskers wat deur die Department van Basiese Onderwys voorsien word, hulle eie maskers moet voorsien. Indien leerders nie in staat is om hulle eie maskers te voorsien sal die beheerliggaam aan sulke leerders gesigmaskers gratis verskaf.

### **1.8 Persoonlike sanitasie/higiëne:**

- Die skool voorsien vir elke lokaal waar die leerders gehuisves word van handonstmettingsmiddels asook seep in die ablusiegeriewe.
- Niks verhoed egter leerders om sy eie bottel handontsmettingsmiddel te hê vir eie gebruik aan die begin van elke nuwe periode nie.
- Onthou elke leerder bly verantwoordelik vir sy eie persoonlike higiëne asook sy onmiddellike omgewing.

### **1.9 Bestuur van pouses:**

- Spesifieke areas sal aan spesifieke graadgroepe geallokeer word om te verseker dat daar genoeg spasie vir elke graadgroep is om die aanvaarbare sosiale afstand te handhaaf.
- Personeel op terreindiens sal toesien dat die toepaslike sosiale afstand gehandhaaf word.

### **1.10 Skoolsnoepie:**

- Die skoolsnoepie sal pouses oop wees.
- In plaas van bondel op die stoep voor die snoepie, sal leerders in 'n lang ry langs die gebou staan, minstens 1,5 meter van mekaar af, en wag vir 'n beurt om iets te koop.
- Weens geen buitemuurs gaan die skooldag verleng word en daarom moedig ons kinders aan om voldoende kosblikke te pak.
- Geen wegneemete aflewering sal meer toegelaat word nie.

### **1.11 Busvervoer:**

- Die skool sal seker maak dat busse voor die begin en einde van die rit gesaniteer word.
- Leerders sal hulle hande moet ontsmet voor hulle in die bus klim.
- Die bus sal aan die publieke vervoer regulasies voldoen soos uiteengesit in die vervoer regulasies van die staat van inperking.
- Daar sal 'n aanpassings in die busroetes sowel as bustye gemaak word om te verseker dat die busse nie vol is nie. Kommunikasie in die verband sal later aan u deurgegee word.
- Die dra van maskers in die bus is verpligtend.

### 1.12 Hoërisikoleerders:

Hoërisikoleerders word aan die volgende kriteria gekenmerk:

- Bestaande mediese toestande, soos byvoorbeeld diabetes.
- Bestaande respiratoriese toestande, soos byvoorbeeld asma.
- Hoë bloeddruk.
- Hartsiektes.
- Kanker en ander immuniteitsverswakende toestande.

Dit is belangrik dat sulke leerders nie in kontak kom met groepe ander leerders nie. Indien u kind aan bogenoemde kriteria voldoen, kontak asseblief u kind se graadhoof sodat ons alternatiewe reëlings kan tref om u kind steeds van kwaliteitonderrig te voorsien.

Ons sal dit waardeer indien dit met 'n dokter sertifikaat vergesel kan word.

### 1.13 COVID-19-kommunikasie by die skool:

- Die belangrikste manier om ons gemeenskap teen die virus te beveilig, is om te verseker dat goeie higiëniese gewoontes gevestig word.
- Dit sal net gebeur as ons skoolgemeenskap permanent die goeie gewoontes sien. Plakkate sal op die terrein van die skool aangebring word om ons skoolgemeenskap deurentyd daaraan te herinner. Plakkate sal onderwerpe hanteer soos:
  - So was 'n mens jou hande deeglik.
  - Oppervlakke wat vermy moet word.
  - Fisiese kontak word belet.
  - Handhaaf 'n veilige sosiale afstand.
  - Was gereeld jou hande.
  - Goeie higiëniese praktyke.
  - Hoes en nies in jou elmboog.
- Maak gerus 'n draai by [www.gouties.co.za](http://www.gouties.co.za) by die Covid-19 blad vir alle relevante inligting.

### 1.14 Kontrolelys vir leerders:

- Moenie probeer om probleme, vrese of siekte alleen te hanteer nie - vra vrae en meld dit aan. Vertel vir iemand as jy siek is. Moet dit nie 'n geheim hou nie, dit is nie 'n skande nie.
- Beskerm jouself en aanvaar verantwoordelik vir jou eie gesondheid.
- Stel 'n voorbeeld vir ander leerders en wees 'n leier.
- Daar mag geen stigmatisering van siek leerders plaasvind nie. Dit sal soos 'boelie' deur die skool hanteer word.
- Sosialisering op sosiale media moet nou inspirerend en bemoedigend wees.
- Dit sal ook een van die rolle van die ons skool se sosiale media-plaser en webmeester wees.

## **2. HANTERING VAN MOONTLIKE COVID-19 GEVALLE**

### **2.1 Prosedures wat gevolg moet word indien iemand siek is:**

- Leerders en personeel wat siek by die skool opdaag of wat gedurende die dag siek raak, sal geïsoleer word, die ouers en die toegedeelde gesondheidswerker sal in kennis gestel word. Die Departement van Gesondheid sal dit dan verder hanteer.
- Siek leerders of personeel sal apart van gesonde leerders en personeel gehou word totdat hulle kan vertrek.
- Onthou dat dit nie van skole verwag word om COVID-19-gevalle te identifiseer nie. Die meerderheid asemhalingsiektes is nie COVID-19 nie.

### **2.2 Strategie van die skool met die uitbreek van COVID-19 in die skool:**

- Daar sal onmiddellik kommunikasie tussen die skool en die ouerhuis wees.
- Die Departement van Gesondheid sal die nodige raamwerk verskaf waarbinne ons sal moet optree. Dit kan die volgende insluit:
  - Die betrokke partye sal dadelik getoets moet word.
  - Die betrokke partye sal vir 14 dae in selfkwarantyn moet gaan.
  - Die betrokke partye moet dadelik 'n volledige lys van mense met wie hy/sy in kontak was, verskaf.
  - Maak kontak met die bure of gemeenskap.
- Die skool sal die noodnommers van al die relevante owerhede, hospitale en departemente beskikbaar stel.
- Die bestuur van die skool het nie die outoriteit om die skool te sluit indien daar 'n Covid-19-uitbreking is nie. Dit is die verantwoordelikheid van die Departement van Gesondheid.

### **2.3 Daar moet oop en eerlike kommunikasie tussen die huis, Goutiegemeenskap en die skool wees:**

- Covid-19 positief gevalle of indien persone in kontak was sal by die die Departement van Gesondheid en skool aangemeld word - dit is die wet. Mense wat siek word, se kontak met ander individue moet nagevolg kan word om die virus sover moontlik te bekamp. U samewerking om ons gemeenskap te beskerm is absoluut noodsaaklik.
- Dit is ouers en personeel se verantwoordelikheid om navrae so volledig moontlik te beantwoord.
- Enige nuwe inligting wat die skool ontvang, sal so spoedig moontlik aan ons gemeenskap gekommunikeer word.

## **3. AKADEMIE**

### **3.1 Akademie en sosiale afstand**

- Hierdie is seker die grootste uitdaging vir ons binne die akademie. Ons planne is egter agtermekaar en ons gaan elke graad met die terugkom deeglik hieroor inlig.
- Hier gaan die Goutiewaarde van SELFDISCIPLINE van uiterste belang wees.

### 3.2 Afstandsonderrig:

- Alle huiswerk en klaswerk sal steeds op die huidige metode voortgaan om leerders te help wat komorbiteite het, asook leerders wat moontlik siek kan raak. Hulle is ons eerste prioriteit.
- Ouers en die gemeenskap word amptelik deur die Departement van Basiese Onderwys in die Vrystaat gevra om die beskikbare platforms van die skool, asook ander hulpmiddels, te gebruik.
- Ouers moet alles doen om leerders te ondersteun en van hulp te wees waar daar 'n behoefte is.
- Dit is ook nodig vir grade wat eers in fases terug skool toe kom.
- Die skool sal aanlynklasse monitor en terugvoer gee.
- Assesering rakende hierdie bogenoemde leerders wat nie skool toe kom nie, sal later op 'n individuele basis hanteer word.
- Ons moet egter bekelemtoon dat die eerste prys steeds skoolbywoning moet wees, aangesien dit baie moeilik gaan wees om twee parallelle sisteme te hardloop by die skool.
- Ons afstandsonderrig model gaan steeds uitsluitlik wees vir leerders wat die nodige grondige rede het vir afwesigheid.

### 3.3 Skoolbywoning:

- Alhoewel ons versoek dat leerders wat enigsins simptome toon by die huis moet bly, is dit noodsaaklik dat die gesonde leerders wel skool toe kom.
- Ons het reeds baie akademiese tyd met die inperkingstydperk verloor.
- Leerders moet asseblief nie onnodig wegbly nie.

## 4. SKOOL SE ONDERSTEUNINGSNETWERK:

- Die Covid-19 Veiligheidsbeampte, Mnr. Paul Sauer
- Die Covid-19 Assistent veiligheidsbeampte, Me. Madri Harmse
- Beheerliggaam van Goudveld-Hoërskool
- Die skool se SGOS (SBST) Mev, Daphne de Beer en Mnr. Dimitri Lombaard
- Ons skool se ouergemeenskap
- Departement van Basiese Onderwys, Vrystaat
- Nasionale Departement van Gesondheid (012 395 8000)
- The National Institute For Communicable Diseases (NICD) (0800 029 999)

Elkeen van ons personeel, ouers en leerders het die verantwoordelikheid om ons gemeenskap te beskerm. U beskerm nie net u kind met u keuses nie, maar u beskerm ook elke ander persoon wat deel van die skoolgemeenskap is.

Baie dankie vir u sorgsame samewerking en lojaliteit aan die skoolgemeenskap.

Vriendelike groete



MNR. P.P. SAUER  
SKOOLHOOF